

November 2025

## Melk SA Spoortellingdiens

'n Opname by verskeie plase in die Gamtoos- en Witelsbosgebied het getoon dat daar 'n toename in spore van die fungus *Pseudopithomyces toxicarius* is (sien grafiese voorstelling hieronder). Die fungus is die oorsaak van sporidesminvergiftiging, of te wel gesigekseem. Ons riglyne is dat sinkoksied (ZnO) in die rantsoene ingesluit moet word as die spoortelling 20 000 per gram bereik. Die opname het getoon dat tellings reeds tussen 5000 en 40 000 by die toetsplase was en die verwagting is dat dit skerp kan begin styg in die volgende drie weke.

Vanjaar is 'n besondere droë jaar wat die raaigras vroeër kan laat afgaan, wat bevorderlik is vir die fungus. In tye egter van vogtige weer word meer spore vrygestel en die gifstof is giftig in die lewer. Onlangse data van hierdie gebied het getoon dat daar 'n negatiewe verwantskap is tussen serum Zn peile en GGT, die lewerensiem wat toeneem wanneer sporidesminvergiftiging plaasvind. Dit toon dat Zn teen beskermingspeile die invloed op die lewerweefsel kan verminder.

U moet asb u voedingkundige raadpleeg. Dit is nie so maklik om die hoë dosis wat verlang word reg toe te dien teneinde te verseker dat die invloed van sporidesmin verminder nie ('n peil van 12-14g ZnO per dag vir 'n 500kg koei word aanbeveel). As die ZnO in die rantsoen ingemeng word, sal koeie wat minder kragvoer kry onderdoseer word en koeie teen maksimum produksie oordoseer word. So, die 'gemiddelde dosis' moet goed bereken word. Neem asb ook kennis dat organiese sink nie geskik is teen die sporidesmingifstof nie, maar organiese sink is wel 'n belangrike anti-oksidadant en moet dus ingesluit word. Voorts moet 'n optimale peil van selenium as 'n belangrike oksiderende element ook ingesluit word. Nieteenstaande aansprake is gifstofbinders nie doeltreffend teen sporidesmin nie, maar hulle kan wel die invloed van die vergiftiging verminder omdat hulle mikotoksiene wat ook lewervergiftiging veroorsaak kan bind.

Spoortellings verskil baie tussen plase en selfs tussen kampe; so, raadpleeg u kuddeveearts tydens monsterversameling en om spoortellings te kontroleer. Gedurende die laaste twee jaar het spoortellings gedurende Desember vermeerder en hoog gebly tot laat April, en selfs die einde van Mei by sommige plase. Die geografiese ligging en die weidingtipe is belangrik, en dit wissel van plaas tot plaas.

'n Algemene aankondiging sal weer gemaak word as die spoortellings begin verminder.

Dr Anthony Davis, Melk SA Sporidesmin Navorsers

en

Dr Heinz Meissner, Melk SA Navorsing- en Ontwikkelingsbestuurder

PO Box 1961 / Posbus 1961, Brooklyn Square, 0075, RSA. Tel: +27 (0)12 460 7312. E-mail / E-pos: operations@milksa.co.za

Direkteure / Directors:

S Ferreira, ZM Gebeda, LG Gibbs, AR Gutsche, AP Kraamwinkel, DE Landman (Alternatiewe direkteur / Alternate director), MJ Loubser, H Lubbe (Alternatiewe direkteur / Alternate director), Dr BS Jack-Pama (Voorsitter / Chairperson), CJ Neethling, AW Prinsloo, MG Rathogwa

Hoof Uitvoerende Beampste & Maatskappysekretaris / Chief Executive Officer & Company Secretary: N Fouché

Lede / Members: Milk Producers' Organisation NPC and the SA Milk Processors' Organisation (Association of Members, not for gain)

Milk SA is a Non-Profit Company (NPC) / Melk SA is 'n maatskappy sonder winsoogmerk (MSW) (Maatskappyreg nr / Company reg no 2002/032020/08)  
Milk SA is also a non-profit organisation (NPO) / Melk SA is ook 'n organisasie sonder winsbejag (NPO): Reg. No. 069-872-NPO

### SPORE COUNTS BY AREA

